

Skriflesing: Joh 20:19-26

Tema: Deelname aan Christus beteken deelname aan Sy sending in die wêreld

Ek het die afgelope week saam met 'n paar dominees gesels oor al meer gemeentes in ons ring wat kleiner word en sukkel om te oorleef. Hoe kan die situasie aangespreek word? Ons moet bid en werk, planne maak en hande vat.

Maar waarom raak gemeentes kleiner? Daar is 'n magdom goeie redes. Ek is oortuig dat een van die eerste redes is dat ons nie gestuurdes is nie. Dit is nou die tyd om daaroor te praat.

Dit is koninkrykstyf. Die sentrale simbool van hierdie tyd is dié van die kerk as 'n bootjie met 'n kruis op. Dit simboliseer ons as kerk as draer van die kruis in en na die wêreld. Elkeen van ons is, deur God se genade, medewerkers aan die koms van God se koninkryk in die wêreld. As Geesbeheerde mense dra ons die goeie nuus van Jesus se verlossing uit. Ons reik met God se liefde uit na verlore mense. Doen ons as Kraggakamma gemeente dit? Ons het 'n kerkraad en getuies diensterrein wat aandag gee aan die sake. Maar die opdrag kom tot elkeen van ons. Wanneer het jy teenoor iemand buite jou geloofs- of vriendekring getuig?

Die dissipels het aanvanklik nie getuig nie. Hulle het vergader agter geslote deure. Hulle was bang. Die Romeinse soldate patroleer die strate. Die fanatiese Joodse geestelikes wil hulle laat doodmaak. Hulle harte en lewens is onstuimig. Die verskriklike gebeure van die kruisiging en dood van Christus het hulle geloof en verwagtinge tot in die fundamente geskok. Hulle het drie jaar saam met Jesus geleef en nou is Hy dood. Maar Hy is nie net dood nie. Hy is weg. Die graf is leeg.

Dan tree Jesus die vrees- en twyfelge vulde ruimte binne en groet: "Vrede vir julle." Maar meer as 'n groet is hierdie ook 'n verklaring. Jesus bevestig 'n feit: Hy wys Sy hande en Sy sy. Hy wat gekruisig is en dood is, het opgestaan. Hy het ons sonde en dood oorwin. Die vrees maak plek vir blydskap. Die dissipels was baie bly toe hulle Jesus sien.

Maar Jesus seën nie net nie, Hy gee ook die opdrag in Joh 20:21b: "Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle ook." Jesus het die evangelie gebring. Sy sending is afgehandel. Sy tyd as mens op aarde is verby. Nou stuur Hy Sy dissipels om Sy taak voort te sit. Hulle moet Sy verlossingsboodskap in die wêreld gaan verkondig. Die deure word oopgestoot en die dissipels uitgestuur met die opdrag om bekering en vergewing van sondes aan al die nasies te gaan verkondig. Ons lees in vers 23 wat hulle moet getuig: "As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie."

Die dissipels het nie gesag gehad om sondes te vergewe nie. Geen mens het hierdie gesag nie.

Ons lees in Handeling 10:43: "Van Hom getuig al die profete dat elkeen wat in hom glo, vergewing van sondes deur Sy naam ontvang."

Ons moet die vergifnis wat ons van die Here ontvang het, aangee. Die dissipels is in die bevoorregte posisie om vir mense te gaan sê dat hulle sonde vergewe word as hulle in geloof Jesus se verlossing aanneem. Niemand sal vergifnis ontvang as jy nie eers Jesus, die Een wat vergewe, onvoorwaardelik in geloof aanvaar nie. As jy Jesus en Sy verlossing verwerp, sal jy nie vergifnis van sonde ontvang nie.

Jesus gee nie net Sy opdrag aan die dissipels en los hulle alleen nie. Hy rus vir hulle toe met Sy Gees. Die Heilige Gees, 'n Gees van liefde, krag en selfbeheersing verander uiteindelik die bang dissipels in onverskrokke getuies.

Hoe lyk my en jou lewe? Vir 'n verlore gaande wêreld nooi Jesus: "Kom na my toe." Vir elkeen van ons as Sy kerk stuur Hy: "Gaan!" Elkeen wat in geloof sy verlossing ontvang het en gevul is met die Heilige Gees kan nie net staan en kyk wat gebeur nie. As jy Sy koninkryksgawe van verlossing, vergifnis en daarmee saam die Heilige Gees ontvang het, word jy ook deel van Sy koninkryksprogram: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek jou ook." Hierdie opdrag is dan ook jou opdrag.

Dit is 'n opdrag sonder grense. Ons moet die wêreld van Sy goeie nuus vertel. Die opdrag het elkeen van ons al tot vervelens toe gehoor. Ek wil u uitdaag om, in die krag van die Heilige Gees, gehoorsaam te wees. Laat toe dat die Here vir jou gebruik as getuie.

En dit is nie waar dat jy nie 'n getuie is nie. Jou kragtigste getuie is jou eie persoonlike getuie. Gaan vertel hoe die Here jou gelei het om jou lewe aan Hom oor te gee. Gaan vertel, soos die dissipels, vir mense dat hul sondes in die naam van Christus vergewe is. Gaan deel met ander ons geloofsbelydenis. As jy jou nog verder wil laat toerus, doen die EE SA opleiding.

Ek was gedurende die wêreldbeker sokker in SA betrokke by 'n groot uitreik in Kroonstad.

Gedurende hierdie tyd het een van die swart pastore eendag sy lewensideaal met my gedeel.

Hy het vir my gesê dat wanneer hy eendag in die hemel kom, sy droom is dat daar 'n menigte gelowiges saam met hom sal wees wat getuig dat die Here hom gebruik het om hulle na Jesus toe te lei.

Hoe lyk jou lewe?

Ons het in die koor van Hallelujalied 234 gesing:

KOOR:

Moet ek gaan met leë hande,
moet ek so my Heer ontmoet?
Nie een siel gelei na Jesus,
niks te offer aan sy voet?

Hoor die opdrag van Jesus: "Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle ook."

Hy wat jou roep, rus jou toe en stuur jou uit. Nie een van ons mag gaan met leë hande nie. Geesvervulde kinders van die Here wil nie gaan met leë hande nie. Nee, Geesvervulde kinders van die Here kan nie gaan met leë hande nie.

Amen